# DIE JOHANNESBURGSE SKAKELKOMITEE.

(Volksfeestekomitee)

Helpmekaar Hoërseunskool,
JOHANNESBURG

Geagte Oudstryders,

i/s: FEESVIERINGS TE JOHANNESBURG
8-10 OKTOBER 1949.

Graag wil ons die volgende dringende sake onder u aandag bring. Sal u asseblief die omsendbrief noukeurig deurlees.

(a) Aangeheg vind u 'n vraelys wat u asseblief met ink moet voltooi. Aangesien ons dit graag in albumvorm wil bind hoop ons u sal baie sorg bestee met die invul daarvan.

(b) Moet dit nie met die pos terug stuur nie; maar bring dit saam en oorhandig dit persoonlik aan ons.

(c) Woon, sover moontlik, die verrigtinge in Voortrekkerdrag by.

(d) Vanaf 8 tot 10 v.m. Saterdagmore 8 Oktober sal daar persone voor die Stasie Koffiekamer wees om u te ontmoet en na die Helpmekaar-terrein te neem.

(e) Ons gaan Oudstryders versoek om staaltjies te vertel. Hou u dus gereed.

(f) Elke Oudstryder sal 'n kenteken ontvang.

(g) Oudstryders se eggenotes is baie welkom by ons verrigtinge.

(h) As daar Oudstryders is wat musiekinstrumente kan bespeel moet u dit asseblief saambring.

(i) Aansoekvorms vir Oudstrydersmedaljes is van u naaste magistraat verkrygbaar. Dit sal in elk geval 'n geruime tyd duur voor dat u die medalje ontvang.

(j) Aangesien ons Saterdagmôre gaan skyfskiet sal ons baie bly wees indien daar van die Oudstryders is wat hulle eie .22-gewere kan saambring. Ons dink hier veral aan persone wat op die Rand woonagtig is.

(k) Ons kon ongelukkig nie daarin slaag om Spoorwegkonsessies te bekom nie.

(l) Tenslotte wil ons nogmaals daarop wys dat u baie welkom is.

Met vriendelike groete,

D.P. Goosen.

SEKRETARIS
JOHANNESBURGSE VOLKSFEESTEKOMITEE.

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2017